# Onderwerp 8:

## Mengsels en Waterbronne
## Vleilande - Deel 4

Graad 6

Video: les van skyfievertoning
https://youtu.be/F_SedCJ4C-g

Kliek hier om video te kyk

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Belangrikheid van vleilande, bl. 97

## Vleilande en biodiversiteit

Wanneer vleilande verwoes word, het die plante en diere in die vleiland nie meer 'n habitat om in te woon nie. Sommige sal vrek en ander sal wegtrek. Dit beïnvloed die **biodiversiteit** van die vleiland-ekostelsel. Biodiversiteit is die term wat ons gebruik vir al die verskillende soorte plante, diere en ander lewende dinge wat in 'n ekostelsel bestaan. Biodiversiteit krimp wanneer vleilande verwoes word.

## Vleilande en watergehalte

Vleilande is belangrik vir **watergehalte**. Watergehalte verwys na hoe veilig ons water vir gebruik is. Vleilande verwyder die oplosbare stowwe wat in seep, insekdoders en kunsmis voorkom en wat in die water ingespoel word. Plante in die vleilande en die grond en gruis op die bodem van die vleilande absorbeer hierdie stowwe. Baie klein organismes (mikroörganismes) in vleilande kan ook soliede toiletafval afbreek en dit skadeloos maak. So dien vleilande as filters om water te suiwer.





**Figuur 8** Vleilande word vir landbou gebruik, byvoorbeeld vir die kweek van rys


**Figuur 9** Groot hoeveelhede besoedelende stowwe in riviere skaad vleilande


**Figuur 10** Damme verhoed die vloei van rivierwater na vleilande


**Figuur 11** Baie verskilende soorte plante en diere woon in vleilande

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Belangrikheid van vleilande, bl. 97

**AKTIWITEIT 3** **Skryf oor dié impak van die verlies aan vleilande op biodiversiteit en watergehalte**

Bestudeer die foto's en lees die inligting oor vleilande op hierdie twee bladsye. Beantwoord hierdie vrae:

1. Hoe word vleilande vernietig?
2. a. Verduidelik wat biodiversiteit is.
   b. Hoe word biodiversiteit geraak wanneer vleilande vernietig word?
3. a. Verduidelik wat watergehalte is.
   b. Verduidelik hoe vleilande besoedeling uit water verwyder.
   c. Hoe beïnvloed die verlies aan vleilande die gehalte van water?



**Figuur 8** Vleilande word vir landbou gebruik, byvoorbeeld vir die kweek van rys



**Figuur 9** Groot hoeveelhede besoedelende stowwe in riviere skaad vleilande



**Figuur 10** Damme verhoed die vloei van rivierwater na vleilande



**Figuur 11** Baie verskilende soorte plante en diere woon in vleilande

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Video's oor vleilande

https://www.youtube.com/watch?v=1WlmGyN9VXs

https://www.youtube.com/watch?v=bFGMoFljKRM

Hierdie video's gee baie goeie inligting.